

TEGNIESE- EN BEMARKINGSVERSLAG GRANATE

Die bulk van die verskepings het nou in die mark aangekom en die terugvoering oor die kwaliteit van die Klas 1 bly maar swak. Daar is baie klagtes oor kwaliteit. Dit is veral die kleur en baie merke waaroor gekla word. Ons kompeteer met vrugte uit Indië en Peru en die vergelyking is swak. Ons is nou al verskeie kere deur supermarkte versoek om die produk weg te neem.

Daar is vanjaar gemiddeld 23% Klas 1 verpak, teenoor die 35% van 2019. Die swak kwaliteit kan dus nie toegeskryf word aan 'n gedwonge groter uitpakkersentasie nie. Ons sal voor die volgende seisoen ernstig oor die kwaliteit moet besin. Daar is alreeds 'n baie groot gevaar dat ons uit van die beter programme geskop kan word.

Die laaste Sapex granate is in week 19 verskeep. Verkope sal egter nog oor 'n hele paar weke plaasvind. Op die stadium is die mark nog redelik stabiel en oor die algemeen is pryse effens hoër as in 2019. Een rede daarvoor is dat Peru nie so vroeg as laasjaar is nie en ook minder vrugte na Europa gestuur het. Vir die aankomstes tot week 20 het Peru 22% minder granate na Europa gestuur. Dit verteenwoordig 'n afname van ongeveer 990,000 3.8 kg kartonne. Dit wil voorkom asof Peru se volumes oor die algemeen redelik af is, maar ons kon dit nog nie heeltemal bevestig nie. Een van die grootste produsente het egter laat weet hulle is 25% af op produksie.

Die beperkinge in Europa begin nou stadig lig en markte raak meer normaal. Die groothandelmarkte bly egter nog grootliks gesluit en dit het 'n groot impak op die hantering van granate en kwaliteitsprobleme. Die enigste werklike vloei van granate vind in die supermarkte plaas en ook waar daar etniese gemeenskappe is wat maklik bereikbaar is.

Die Ooste begin stadig terugkeer na normaal maar die groothandelmarkte bly ook nog steeds grootliks gesluit. Die vloei van geld begin egter optel. Ons het die afgelope twee weke 'n groot verbetering gesien in die invordering van agterstallige betalings. In baie gevalle moes krediete toegestaan word om die verkope van die produk te verseker en om kwaliteitsprobleme aan te spreek.

Dieselfde word in die Midde-Ooste ondervind, maar die impak op die banke was daar nie so erg as in die Ooste nie. Die vloei van prosesseringsgranate is egter nog goed en op die stadium word daar nie probleme met die volumes in die mark voorsien nie. Daar is wel groot druk op die pryse en 'n aanpassing gaan waarskynlik nodig wees. Ongelukkig is dit van ons eie Suid-Afrikaanse maatskappye wat met lae pryse inkom en die mark deurmekaar krap.

Die logistiek na die Ooste en Midde-Ooste was die grootste probleem wat ons ondervind het. Verskeping is dikwels met tot twee weke vertraag – party skepe na die Midde-Ooste het byvoorbeeld glad nie meer Kaapstad aangedoen nie en

baie vrugte is per vragmotor Port Elizabeth toe gestuur om gelaai te word. Daar was 'n periode van 14 dae waar geen skepe na die Ooste beskikbaar was nie. Dit het alles natuurlik 'n groot impak op die koste-ketting.

Seker ons grootste frustrasie die afgelope maand of twee was dat ons glad nie die markte kon besoek nie. Veral waar kwaliteitsprobleme ondervind is, het ons altyd gaan kyk en help planne maak. Die gevalle moes nou oor die foon en met videokonferensies hanteer word. Ons is baie dankbaar dat ons tot op hede nog alles kon hanteer. Stories lê die mark vol van vrugte wat vernietig moes word.

Ons het Vrydag weglaiweek 8 se finale betalings gedoen.

Veilig wees.

Groete.

Sapex Span